VKB BELEGGINGS (EDMS.) BPK.

VKB HEAD OFFICE/HOOFKANTOOR

31 President CR Swart Street/Straat, REITZ, 9810
PO Box/Posbus 100, REITZ, 9810
Tel: +27 (0)87 358 8111
Fax/Faks: +27 (0)87 358 8333
vkb@vkb.co.za
www.vkb.co.za

2018/12/10

REAKSIE OP E-NUUS BERIG

Na aanleiding van 'n nuusberig op Sondag 9 Desember 2018 deur e-Nuus wat tot verwarring kan lei, wil VKB net 'n regstelling maak. VKB distansieer homself ten sterkste van 'n moontlike vertolking dat VKB onteiening sonder vergoeding ondersteun.

VKB het 'n Mediadag op Woensdag 5 Desember 2018 gehou om ontwikkelingswerk, onder VKB se leiding, bekend te stel. Toetrede tot aspersieverbouing was 'n belangrike tema, en dit het nie oor grondonteiening gehandel nie. Donderdagaand het e-Nuus hieroor berig, waar positief op die ontwikkeling en die aspersieprojek gefokus is.

Sondagaand 9 Desember 2018 was daar 'n tweede berig op e-Nuus waarin gesê is dat opkomende boere en ontwikkelings-organisasies ten gunste is van grondonteiening sonder vergoeding. Dit het voortgevloei uit onderhoude wat e-Nuus met AFASA en GFADA gevoer het, waarin die organisasies se standpunte daaroor weergegee is.

VKB is, deur Agbiz, aktief betrokke by die onderhandelingsproses rondom onteiening sonder vergoeding, wat op die hoogste vlak met die Regering gevoer word. Agbiz verteenwoordig die belange van al die landboubesighede asook ander rolspelers en kommersiële banke.

PG CARSHAGEN
VOORSITTER

DIRECTORS/DIREKTEURE: PG Carshagen (Chairman/Voorsitter), CF Fick (Vice-chairman/Ondervoorsitter), GJ Nel (Independent/Onafhanklik), DP Viljoen, JBS Fourie, ID Dreyer, DJ Kriek, JJB Greyling, ID Bosman, LJ Eksteen, JH du Preez, J van der Goot, PJ Cronjé, JFJ van Rensburg (Executive/Uitvoerend), MJ Mittermaier (Executive/Uitvoerend), Adv SC Erasmus (Group Company Secretary/Groep Maatskappysekretaris)

An Authorised Credit Provider/Gemagtigde Kredietverskaffer NCRCP7107
An Authorised Financial Service Provider FSP4813/Gemagtigde Verskaffer van Finansiële Dienste FDV4813
Registration Number/Registrasienommer: 2011/007000/07
VAT/BTW: 405 0105 453

lid van die vkb GROUP/GROEP member of the